

Boekbespreking

Antonites, A J - Magnum, J M (ed) 1989. <i>The new faith-science debate: Probing cosmology, technology and theology</i>	249-250
Beukes, M J du P - Van der Walt, B (red) 1990. <i>Venster op die sake-wêreld</i>	251-254
Heyns, J A - Versamelwerk 1989. <i>Kommentaar op 'Kerk en samelewing'</i>	254-256
Roberts, J H - Botes, H J 1987. <i>Die brief aan die Efesiërs: Studiegids</i> ...	257-257
Steenkamp, J J - Van Rooy, J A 1989. <i>Herlewing en reformasie</i>	257-258
Thom, J C - Barkhuizen, J H 1989. <i>Hymni Christiani</i>	258-260
Van der Westhuizen, H G - Heyns, J A 1989. <i>Teologiese Etiek: Sosiale Etiek</i>	260-267
Van der Westhuizen, H G - Kritzinger, J N J 1990. <i>A theological perspective on White liberation</i>	268-269
Van Wyk, D J C - Weiler, AS G 1989. <i>Willebrords Missie: Christendom en kultuur in de zevende en achtste eeuw</i>	269-272

Boekbespreking

Mangum, J M (ed) 1989 - The new faith-science debate: Probing cosmology, technology and theology

WCC Publications. 165 bladsye. Prys \$ 9.95

Resensent: Prof A J Antonites

Hierdie boek is die resultaat van 'n konferensie 'The new scientific/ technological world' wat deur die Evangelies Lutherse Kerk van die VSA gereël was te Cyprus in 1987. Die skrywers is almal òf natuurwetenskaplikes òf teoloë/predikante.

Om 'n idee te kry van die strekking van die boek, word die titels van die hoofstukke met die onderskeie outeurs geplaas:

1. Die heersende wetenskaplike wêreldbeeld - B Gustafson.
2. Die uitdaging van die wetenskap aan die teologie en die kerk - A Peacocke.
3. Die uitdaging van die teologie aan die wetenskap en die kerk - V Westhelle.
4. Die uitdaging van die kerk aan die wetenskap en teologie - G Liedke.
5. Die taak van die kerk in die nuwe wetenskaplike eeu - H P Nebelsick.
6. Hoe hoë-tegnologie die Amerikaanse samelewing verander - J K Larsen.

7. Genetiese ingenieurswese: Ons rol in die skepping.
8. Asiatiese wêreld-godsdiens en postmoderne wetenskap - N Eto.
9. a) Wetenskaplike navorsing is my Christelike roeping - V P K Tintanji.
b) Refleksies oor die wetenskap as 'n roeping - T Peters.
10. 'n Agenda vir die een en twintigste eeu - R J Russell.

Naas ses Bybelstudies is daar 'n aantal groepperslae vanuit die verskillende kontinente.

'n Paar hoostukke kan uitgesonder word as van groot betekenis vir die teoloog en predikant.

Albrecht wys in die voorwoord op 'n merkwaardige feit: Die kerk was vanaf die koms van die moderne wetenskap altyd op die verdediging (verwysende waarskynlik na o m Galileo Galilei en die evolusie-teorie). Die pendulum het nou omgeswaai: Die wetenskap en tegnologie is vandag op die verdediging, omdat sekere resultate moreel dubbelsinnig is, byvoorbeeld kernkrag en besoedeling.

'n Hoofstuk wat veral uitgelik aan word, is dié van 'n astrofisikus, prof B Gustafsson. Hy bring die leser op die hoogte van heelwat van die jongste verwickelinge in die astrofisika, wat vir die kerk, teoloog en predikant in die toekoms al hoe meer relevant gaan word. Die teologie werk dikwels met die tydsbegrip, onder andere die verhouding van *kairos* tot menslike en geometriese tyd. Gustafsson

toon aan dat as dit sou blyk dat die heelal roteer, dat ruimtereisigers wat vanaf die aarde vertrek het en weer by die aarde uitkom (hulleself of hulle nageslagte), op 'n tydstop kan arriveer lank (eeue?) voordat hulle vertrek het. Hierdie nie-teoretiese paradoks sal effek hê op ons denke oor meganiese kousaliteit.

'n Senior navorser, J K Larsen, wys op die impak wat die tegnologie gehad het op sosiale verhoudinge, instellings en waardes. Hy wys op die bestaan van hoë-tegnologie areas in die VSA. Larsen skep die indruk dat talle van A Toffler se vooruitskouings gerealiseer word. Vanweë onderlinge onkunde, ontstaan misverstande met betrekking tot basiese boodskappe en waarhede. Daar bestaan 'n geestelike krisis onder tehnoloë en wanneer hulle hulle tot die kerk en predikante wend, keer hulle dikwels teleurgesteld terug omdat 'n 'pertinente' teologie ontbreek.

'n Belangrike siening om van kennis te neem is dat die kerk, wanneer hy oor wetenskap en tegnologie praat, dit te veel laat reduseer tot evolusie en 'n visie op die skepping. Wetenskap is veel meer as evolusie en biologie. Vir die grootste deel van mikro-elektronikateknoloë, is die relatiwiteitsteorie en kwantumfisika veel belangriker as evolusie.

Die Japanese Lutheraanse pastor, Naozurri Eto, bespreek die Boeddhisme, Hindoeïsme, Confucianisme en Zen Boeddhisme in relasie tot Cartesiaanse dualisme en die wester-

se meganiese wêreldbeeld. Hy 'ontmitologiseer' genoemde wêreldgodsdiens, en dui dan aan hoekom hulle wêreldbeeld van waarde kan wees.

Die biochemikus van die Kameeroon, V T K Titanji, het tydens sy oorsese studies in die (pre-Gorbatsjof) Sowjetunie, 'hardnekkig' geklou aan die Christelike geloof. Toe hy daarna in Swede verder gaan studeer, was daar 'n oorfloed van kerke, maar meestal leeg op Sondae.

Daar word aan die einde van die boek ses Bybelstudies aangebied, wat elk met 'n aantal teksgedeeltes begin. Die leser sal egter baie lank soek na eksegese. Tog is die filosofiese sake wat hier aan die orde gestel word, die moeite werd om van kennis te neem.

Hierdie grepe uit die boek, wil toon watter belangrike sake ten opsigte van die tegnologiese en wetenskapsituasie aktueel en belangrik is. Die leser sal nie met alle teologiese konstruksies saamstem nie, maar in Suid-Afrika sal die toenemende tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang, al hoe meer die kerk se aandag vereis in sy taak ten opsigte van sy lidmate. Daarom sal die lees van hierdie boek vrugbaar wees en ek beveel dit graag aan.

Van der Walt, B (red) 1990 - Venster op die sakewêreld: Perspektiewe op bestuursetiek

Goodwood Kaap: Nasionale Boek-drukkery. 288 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Prof M J du P Beukes

RELEVANSIE VAN DIE TEMA

Tegnologiese ontwikkeling is 'n onlosmaaklike deel van die tweede helfte van die twintigste eeu. Die geweldige groei op die gebied van die nywerheid en ander sektore het tot gevolg dat die grootste gedeelte van Suid-Afrika se inwoners hulle in 'n werkgewer-werknemer situasie bevind.

Die werknemer-werkgewer situasie is 'n dinamiese, 'n lewende, 'n wil gehanteerde situasie. Dit is 'n situasie wat van beide partye 'n bepaalde kennis, gesindheid en vaardigheid vra. In hierdie dinamiese situasie speel die bestuurder 'n dominante rol.

Die bestuurder, as dominante figuur, se optrede behoort altyd as verantwoordelik getipeer te word.

Verantwoordelike wyse van funksionering is vir die kerk funksionering volgens die kriteria wat die Bybel uit spel.

In die lig van bogenoemde is *Perspektiewe op bestuursetiek* 'n publikasie wat bepaalde opgewondenheid in die geleedere van die kerk tot gevolg het.

Hierdie publikasie behoort deel te word van elke gemeente se boeke-ry en dit behoort deur die amptelike kerkblaaie en deur die gemeentes se afkondigings onder die aandag van die lidmate wat bestuurders is, gebring te word.

Die ontwikkeling op die gebied van bedryfsetiek het hierdie publikasie noodsaaklik gemaak. Bedryfsetiek het tot 'n erkende vakgebied ontwikkel. By verskeie universiteite hier te lande word bedryfsetiek reeds op een of ander wyse by sekere kursusse ingebou en selfs selfstandig aangebied. Hierdie publikasie is 'n welkome studiebron vir plaaslike studente wat hoofsaaklik op internasionale vaktydskrifte en publikasies aangewese is ten opsigte van hierdie tema.

Ontkerstening en sekularisering van die werkmilieu is 'n algemene verskynsel. Etiese norme word geheel en al oorboord gegooi. Selfs Christenwerknemers en -werkgewers staan voortdurend voor die versoeking om te konformeer met die portuurgroep.

Individuele bestuurders, moreel gekonfronteer met hierdie dilemma, rapporteer dat hulle dikwels verstrengel raak in praktyke wat skreiend bots met hulle persoonlike waardes en oortuigings, maar dat die implikasie om dit teen te gaan, eenvoudig te ingrypend is. Hier word die prys van die waarheid (bestuursetiek) te duur, met die gevolg dat die leuen seëvier en ontkerstening

groeï. Op elementêre vlak gaan hierdie saak om die meedoen aan die vuil grap en godslasterlike gesprek, die afwesigheid van seënvrá by die middagete, meedoen aan die applous vir besigheid wat oneerlik bekom is en die bywoning van die kursus/seminaar op Sondag, terwyl die persoonlike oortuiging anders is.

Gewerp in die situasie soos hierbo beskryf, bied *Perspektiewe op bestuursetiek* 'n handige en nodige riglyn vir die bestuurder en selfs vir die werker.

AANPAK

Elke skrywer het op 'n akkadies-wetenskaplike wyse 'n bydrae gelewer.

Die wyduiteenlopendheid van die artikels en die baie skrywers wat meegewerk het, dra egter daartoe by dat die publikasie nie as 'n eenheid vertoon nie en dat herhalings voorkom. Die eindredakteur het, niteenstaande hierdie feit, die inkleding so gedoen dat hierdie leemtes nie werklik baie steurend is nie.

Etiek, in die besonder Christelike etiek, is die domein van teoloë. Die bedryfswêreld aan die ander kant is weer die domein van die opgeleide bestuurder en tegnoloog. Die besondere aanpak van hierdie werk het daartoe gelei dat die teoloog by die fabriek uitgekóm het en die bestuurder by die Bybel. Hierdie besondere deurkruising het daartoe gelei dat hierdie publikasie nie net teorie of net praxis is nie, maar teorie wat 'n

goed gefundeerde praxis tot gevolg het.

DOEL

Die opstellers het gepoog om 'n ander beeld ten opsigte van bestuur na vore te bring.

'Bestuur' is tot nou toe omskryf in terme van uitset en metode. Dit is omskryf as die verkryging van resultate/bereiking van doelwitte (uitsette), met as nagedagte: 'deur mense' en beskryf as organisasie, beplanning, leiding, beheer ensovoorts, wat niks meer is as die manier van doen nie. Hierdie klem op die metodologie, die meganiese, is die reste van die pragmatisme: die regte metode waarborg die uitkoms. Daar is egter geen plek vir die normatiewe nie.

Die skrywers het aangetoon dat bestuur eers verantwoordelike beheer is as bepaalde vorme in die bestuur ingebou is.

Die skrywers slaag ook daarin om besondere substansie te gee aan hulle definisie van bestuursetiek.

Bedryfs- en bestuursetiek het te doen met die genormeerde gedrag van mense in die bedryfsomgewing en die bestudering en sistematisering van daardie norme en gedrag.

Die skrywers slaag ook daarin om vir die bestuurder duidelike breë riglyne te gee hoe om as Christenbestuurder op te tree.

DIE BYBEL

Wanneer 'n Christen van 'n norm praat, praat hy nie van enige norm

nie, maar in die besonder van die Christelike norm soos dit in die Bybel na vore kom. Dit bring noodwendig die vraag na die plek en die hantering van die Bybel, in hierdie publikasie na vore.

Twee afsonderlike hoofstukke word aan die Bybel in d^e besonder gewy. Van Jaarsveld slaag daarin om in hoofstuk 3 van *Perspektiewe op bestuursetiek*, teologies aan te toon dat die kerk en die sakewêreld nie gefragmenteer moet word nie. Die Woord van God het nie net Sondag in die kerk seggenskap nie, maar ook Maandag by die werk. Die Woord van God wil die gelowige deurlopend onder sy gesag plaas.

Die geloof, die aanvaarding van Jesus Christus as persoonlike verlosser, die toepassing van die eise van God se Woord in die daaglikse lewenspraktyk, is 'n deurlopende proses wat bekering genoem word. Dit is die daaglikse terugkeer tot die Vader, op grond van Christus se versoeningswerk, gedryf en onderskraag deur die Heilige Gees.

Na die daarstelling van algemene teologiese beginsels ten opsigte van die bestuursetiek, trek Van Jaarsveld hierdie beginsels deur na die grondvlak. Hier het miskien oorspanning van die Bybel plaasgevind. Op verskillende plekke in die publikasie word gesê dat die Bybel nie as 'n resepteboek gebruik moet word wat op elke saak 'n antwoord het nie. Op bladsy 39 word egter die indruk gelaat dat die skrywer oordeel dat die

Bybel tog as 'n antwoordboek op elke voorkomende vraag gebruik kan word.

In hoofstuk 26 bied Van der Walt 'n Skrifstudie met die oog op daaglikse benutting. Die hoofstuk bestaan uit breë beginsels van Skrifdatering en teksverwysings ten opsigte van relevante temas vir die bestuurder.

Die veertien beginsels wat Van der Walt neerlê, is van besondere waarde. Dié met betrekking tot voortgaande openbaring en die verklaring van die Skrif deur die Skrif, is egter nie beginsels wat algemeen buite Gereformeerde kringe aanvaar word nie.

Dit is te verstaan dat elkeen van die relevante temas nie voluit hanteer kan word nie en daar gevolglik volstaan is met die gee van enkele teksverse. Die gevaar is dat langs hierdie weg weer net enkele teksverse hanteer word en nie die hele Bybelse boodskap nie.

Behalwe die twee afsonderlike hoofstukke wat gewy is aan die Bybel, is feitlik die hele publikasie deurveg met teologie.

Feitlik elke skrywer het gepoog om relevante Bybelse inhoude na vore te bring. Die Reformatoriese beginsel dat elke gelowige die Bybel kan gebruik, het hier geseëvier. In baie gevalle het 'n mens onder die indruk gekom dat die skrywers die Woord goed gehoor en goed gaan toepas het. Hier en daar het egter die gevaar van fundamentalisme en humanisme op die horison verskyn.

DIE INHOUD

In 21 hoofstukke word feitlik elke aspek rakende bestuur en etiek aangeraak.

Die skrywers slaag daarin om vir die teoloog relevante gegewens te gee ten opsigte van die bestuurder se elke dag en om die bestuurder te lei na die Woord wat elke dag sy pad behoort te bepaal.

Die 21 hoofstukke kan onder die gemeenskaplike begrip 'verhoudings' gegroepeer word. Die bestuurder se hele lewe is 'n lewe van verhouding. Hy is in verhouding met homself. Sy eie lewe se selfbestuur, sy selfinstandhouding is noodsaaklik met die oog op uitoefening van sy bestuursfunksie. Coetzee lewer in hierdie verband 'n besondere bydrae in hoofstuk 12.

Die bestuurder is in verhouding met ander mense - sy mede bestuurders en sy werknemers. Kennis van hierdie mense is absoluut noodsaaklik. In hierdie verband is Van der Walt se eie bydrae in hoofstuk 11, waar gehandel word oor die Afrika-kultuur, van besondere belang.

Die bestuurder se lewe is ineen-geveg met sy onderneming. Die vrae waarmee hy worstel is legio. Die besluite wat hy moet neem het feitlik deurgaans etiese implikasies. Op feitlik elke terrein wil hierdie publikasie vir hom 'n hulpdiens in hierdie verband lewer.

Bo alles staan die bestuurder in verhouding met God. Sy verhouding met God is bepalend vir al sy ander verhoudings. Die bestuurder is ge-

roep om onder alle omstandighede in die eerste plek te vra: Wat is die wil van God?

ALGEMENE OPMERKING

Die Instituut vir Reformatoriese Studie, in die besonder dr B van der Walt, verdien die dank van die kerk en van elke bestuurder vir hierdie publikasie en vir die konferensie, die eerste Suid-Afrikaanse konferensie oor bedryfsetiek, wat op hierdie publikasie gevolg het.

Versamelwerk 1989 - Kommentaar op 'Kerk en samelewing'

Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 115 Bladsye. Prys R7.50

Resensent: Prof J A Heyns

In hierdie bundel neem tien skrywers die publikasie van die N G Kerk, *Kerk en samelewing* (1986), vanuit verskillende perspektiewe in oënskou.

N S Jansen van Rensburg behandel die begrippe 'Volk, bevolking, ras - begrip of werklikheid?', A König kyk na 'Twee opponerende kerkbegrippe', W Nicol behandel 'Die kerk en die regering', J Kinghorn praat van 'n verdere herhaling onder die tema "n Rondt meer", J N Horn skryf oor 'Politieke modelle', J H Smit oor 'Geregtigheid en mensregte', N M Kritzinger oor 'Skrifbeskouing en Skrif-

gebruik', S S Maimela oor 'Die konteks waarvoor *Kerk en samelewing* 'n oplossing bied', W A Boesak lewer kommentaar op '*Kerk en samelewing* vanuit die N G Kerkfamilie', en P Roussouw skrywe oor die 'Status, ontvangs en resultate van *Kerk en samelewing*'.

Soos alle bundels vertoon ook hierdie een 'n verskeidenheid van metodes, gehalte en effek. Dit wil sê nie alle deelnemers pak hulle tema op dieselfde manier aan nie, nie alle deelnemers bereik dieselfde diepte van analise en beoordeling nie, en nie alle deelnemers het dieselfde effek met hulle bydraes nie.

Ek is nie van plan om elke bydrae afsonderlik te bespreek nie, maar om aandag te gee aan bepaalde aspekte wat vrywel by alle bydraes gevind kan word. In hulle beoordeling van die publikasie *Kerk en samelewing* wys feitlik almal op die teenstelling wat hulle meen te vind is tussen teorie en praktyk, tussen abstraksie en konkreetheid. Terwyl daar waardering uitgespreek word vir die eersgenoemde deel, word die tweede sterk gekritiseer. Die volgende teenstelling wat gemaak word is dat daar 'n statiese (konserverende) en 'n dinamiese element in *Kerk en samelewing* gevind word. Eersgenoemde is dan die feit dat daar eintlik nie veel verder as die ouer dokument, *Ras, volk en nasie*, gevorder is nie. Terwyl laasgenoemde dan moontlik gesien word as 'n poging (vir sommige skrywers is dit maar 'n

klein poging, ander weer vind dit 'n groter en selfs merkwaardige poging) om van die verlede weg te beweeg na 'n nuwe manier van denke oor samelewingsverhoudinge en veral oor apartheid. 'n Derde belangrike teenstelling is natuurlik dié tussen witmense en swartmense. Daar word op gewys dat die dokument geskryf is deur witmense vir witmense en juis daarom eensydig is in sy sosiaal-maatskaplike analise van die Suid-Afrikaanse situasie. Daardeur word die leef- en denkwêreld van die swartmens volledig uitgeskakel en is daarom ook in sy moontlike oplossings nie te aanvaar nie. Ek het ook 'n vierde teenstelling gevind, naamlik dié tussen teologie en nie-teologiese wetenskappe. Sommige skrywers wys daarop dat hierdie dokument uitgaan van die veronderstelling dat die teologie, respektiewelik die kerk, alle oplossings moet gee, terwyl daar te weinig van ander wetenskappe verwag word en gevolglik te weinig gewys word op die taak van ander samelewingsverbande. Nog 'n teenstelling - wat waarskynlik verband hou met dié tussen wit en swart, maar tog duidelike verskille toon - is dié tussen onderdrukte en onderdrukkers. Binne hierdie kategorie is *Kerk en samelewing* dan geskryf deur onderdrukkers wat die posisie van die onderdrukte nie raaksien nie en daarom vir hulle ook geen boodskap ten opsigte van die toekoms het nie.

Teen hierdie agtergrond is dit volkome te verstaan dat daar wyduit-

eenlopende beoordeling ten opsigte van die dokument voorkom. Vanaf enkele woorde van waardering tot by 'n volledige verwerping in dié sin dat gesê word dat *Kerk en samelewing* 'n hopelose mislukking is wat geen oplossing bied nie. Selfs meer politief is die verwerping: *Kerk en samelewing* is die draer van 'n verontrustende boodskap dáárin dat wit belange hier as ononderhandelbaar voorgestel word. Daar word op gewys dat hier 'n historiese onsinnige tekening gebied word van 'n koloniale roof- en moordpraktyk en dat ons hier niks anders het nie as 'n gemodifiseerde, stroombelynde, gekamouflleerde weergawe van ou apartheidswaardes. Toe die dokument aan studente gegee is vir evaluering, het een van hulle gesê die dokument maak hom na. Aan die einde van sy opstel sê die skrywer dat hy kan verstaan waarom die student dit gesê het.

Terwyl daar inderdaad waardering uitgespreek kan word vir baie wat in hierdie bundel gesê is, is dit tog verstommend dat daar so weinig historiese besef by die skrywers aangetref word. Natuurlik verskil dit ook van persoon tot persoon. Waarom nie veel meer gemaak is van die historiese ontwikkeling wat daar in die N G Kerk waargeneem kan word vanaf *Ras en volk* nie, is eenvoudig nie te begryp nie. Die maatstaf vir die juiste beoordeling van so 'n dokument is met ander woorde nie wat gesê kon gewees het of wat gesê behoort te gewees het nie, maar wat

nou gesê is teenoor wat *vroeër* gesê is. Dié faset ontbreek feitlik by alle skrywers. Vervolgens ontbreek ook 'n beoordeling vanuit die intensie van die dokument. In opvolging van die vroeëre *Ras en volk* was ook *Kerk en samelewing* 'n poging van die N G Kerk om 'n artikulasie te bied van sy eie siening van sake en 'n sistematiesering te bied van gefragmenteerde uitsprake wat in die loop van tyd oor hierdie sake gedoen is. Die kerk wou met homself as 't ware in die reinkom. Die nuwe *Kerk en samelewing*, aanvaar in 1990, is eweneens 'n verdere poging tot selfposisionering. Nou kan die volgende fase intree: saam met die Jongkerke moet 'n stuk oor hierdie aangeleenthede opgestel word, want intussen het daar ook in hulle geledere 'n voortgaande besinning plaasgevind.

Om af te sluit: die Instituut vir Reformatoriese Studie het 'n lofwaardige poging aangewend met hierdie publikasie. Of hulle sal kan voorbly om dié soort ding te doen, is te betwyfel in die lig van die tempo waarmee sulke dokumente deesdae verskyn.

Botes, H J 1987 - Die brief aan die Efesiërs: Studiegids

Pretoria: Kital. 58 bladsye. Prys R7.40

Resensent: Prof J H Roberts

Hierdie studiegids beslaan 15 hoofstukke, waarvan die eerste wenke oor die gebruik daarvan bevat, en die tweede enkele opmerkings oor die brief aan die Efesiërs, terwyl die brief self in die res perikoopsgewys aan die orde kom.

Die inhoud word vir Bybelstudie telkens onder drie rubrieke behandel: Wat staan daar? Wat beteken dit? Hoe antwoord ons? Opdragte of vrae moet dan in oop ruimtes ingevul word. Soms word noodsaaklik geagte inligting onder die rubrieke verskaf. Die verskillende dele word telkens opgevolg met wat genoem word 'antwoorde en kommentaar'.

Hierdie boekie kan, sowel wat sy inhoud as opset betref, van harte aanbeveel word. Dit is vir persoonlike gebruik sowel as vir groepe uiters geskik en sal sonder twyfel van groot waarde wees. Mag dit baie gebruikers vind.

Van Rooy, J A 1989 - Herlewing en reformasie

Potchefstroom: PU vir CHO, IRS Studiestuk nr 263. 29 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Dr J J Steenkamp

In hierdie publikasie lewer Van Rooy 'n pleidooi vir herlewing in die Gereformeerde Kerke. Hy meen herlewing is 'n voorwaarde vir reformasie. Hy probeer om herlewing af te grens teen die beskuldiging dat dit altyd 'n bloot emosionele opwelling is. Daarteenoor poog hy om dit daar te stel as die werk van God.

Hy voer voorbeelde uit die Ou Testament aan en gebruik enkele figure uit die kerkgeskiedenis om aan te dui dat herlewing sterk in die Calvinisme gevestig is. Vervolgens beskuldig hy die Afrikaanse Calvinistiese kerke van 'n oppervlakkige sondebefes, 'n vanselfsprekendheids-godsdiens, gebrek aan heilsekerheid, formalisme en tradisionalisme, gebrek aan Bybelse tug en dat die kerke geen evangeliserende liggame is nie. Hierop beskryf hy ander aspekte van herlewing soos hy dit verstaan, byvoorbeeld die voordele daarvan, God se rol en die gelowige se moontlikhede om herlewing te laat plaasvind.

Behalwe enkele setfoute en 'n onverantwoorde aanhaling is die stuk redaksioneel goed versorg. Inhoudelik slaag Van Rooy egter nie daarin om te oortuig nie. Sy voorbeelde uit

die Ou Testament en die kerkgeskiedenis gebruik hy soos oorspronklikke in 'n rivier - 'n onwetenskaplike metode. Die algemene beskuldigings teen die kerke berus op sy eie waarneming. Om dit geldig te kon maak, sou hy elke Sondag self in al die Afrikaanse gemeentes moes wees en iets meer moes aanbied as stellings wat geensins van gewone beweringe onderskei kan word nie. Verder slaag hy nie daarin om herlewing as iets anders aan te bied as juis die Arminiaans-metodistiese gevoelsgodsdienst waarteen hy dit probeer afskerm nie. Dit gebeur vermoedelik vanweë onbegrip en geringskating van die verbond. Wanneer hy afskeiding tipeer as reformatie in die betekenis van die sestende-eeuse hervorming word 'n ernstige prinsipiële denkfout sigbaar. Die hervormers het juis nie bedoel om 'n ander of nuwe kerk te vorm nie, maar die bestaande één kerk van Christus te suiwer van Roomse dwaalleer en te hervorm na die oorspronklike toestand van vóór die deformatsie van die Middeleeue. Hierdie denkfout plaas vraagtekens agter Van Rooy se verstaan van die term *reformatio* en sy kerkbegrip. Uiteindelik sal hy tog ook meer eksplisiet oor sy pneumatologie moet wees.

Barkhuizen, J H (red) 1989 - Hymni Christiani (HTS Suppl 1.)

Pretoria: Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk. 198 bladsye. Prys R30.00

Resensent: Dr J C Thom

Die onderhawige publikasie is die eerste in die nuwe *HTS Supplementum* Reeks, wat ten doel het 'om monografieë en ander versamelwerke in verband met die teologie en wat van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit is, te publiseer'. Die redaksie van *HTS* is tereg van oordeel dat daar 'n groot behoefte in Suid-Afrika bestaan vir geleenthede om teologiese publikasies van 'n langer omvang op bekostigbare wyse te publiseer. 'n Mens het groot waardering vir die ondernemingsgees wat deur die redaksie aan die dag gelê word met die instelling van hierdie reeks en hulle word van harte voorspoed toegewens daarmee.

Hymni Christiani is 'n versameling bydraes deur 'n tiental skrywers wat as geheel daarop gerig is om 'n verteenwoordigende oorsig te gee van die Griekse kerklied van die eerste vyf eeue. Dit begin met 'n inleiding deur Barkhuizen waarin die oorsprong, ontwikkeling, wese en struktuur van die vroeg-Christelike himnografie kortliks bespreek word. Hier na volg 'n aantal studies deur verskillende geleerdes oor 'n stuk of 19 himnes uit die volgende kategorieë:

Nuwe-Testamentiese himnes; vroeg-Christelike himnes; himnes in klasiese metra en himnes in ritmiese metra. By die bespreking van elke himne word die Griekse teks met Afrikaanse vertaling gegee, gevolg deur 'n kommentaar en geselekteerde bibliografie. In die kommentaar word telkens aandag gegee aan die agtergrond, struktuur en interpretasie van die himne.

In die geheel genome beantwoord die bundel aan sy doel om die leser bekend te stel met die vroeg-Christelike himne. Die vertalings is deurgaans keurig en lewer 'n beslisse bydrae tot die skat van Afrikaanse vertalings van antieke tekste. Die besprekings is duidelik en heel toeganklik vir selfs gevorderde voorgraadse studente. Hoewel ek dus nie huiwer om hierdie publikasie aan te beveel nie, bevat dit nogtans 'n aantal leemtes waarop ek kortliks wil wys.

Daar is 'n ooglopende diskrepansie tussen die omvang en gedetailleerdheid van die bespreking van Nuwe-Testamentiese himnes aan die een kant, en die latere himnes aan die ander kant - bykans die helfte van die bundel word aan die Nuwe-Testamentiese himnes afgestaan, terwyl dit in terme van reëls maar ongeveer 'n sesde van die totaal verteenwoordig. Gesien die relatiewe verskil in die omvang van die sekondêre literatuur wat onderskeidelik aan hierdie twee groepe gewy is, is hierdie diskrepansie weliswaar verstaanbaar, maar dit laat nogtans die vraag ontstaan of

daar genoeg duidelikheid was oor die aard en funksie van die bundel. Is dit bedoel as 'n versameling van individuele en relatief selfstandige wetenskaplike studies oor die vroeg-Christelike himne, of as 'n inleiding vir gevorderde studente en die nie-spesialis leser? Eersgenoemde indruk word gewek deur sommige van die bydraes oor Nuwe-Testamentiese himnes (kyk veral Botha se studie oor die himne in Kolossense). Daarenteen is die behandeling van sommige van die latere himnes meer oppervlakkig en plek-plek ietwat skraps. Daar is byvoorbeeld sekerlik meer te sê oor die struktuur en inhoud van die *Goeie Vrydag Alfabet-himne*; 'n mens mis ook 'n bespreking van die godsdienshistoriese agtergrond van motiewe soos byvoorbeeld dié van Christus as geneesheer en as lig in Ignatius se himnes (kyk hiervoor W R Schoedel, *Ignatius of Antioch* [Philadelphia: Fortress, 1985] 59-62, 87-94).

'n Mens wonder ook of 'n paar van die gnostiese himnes nie ook in die bundel opgeneem kon word nie, veral in die lig van die belangrike invloed wat hierdie himnes op die ontwikkeling van die Christelike himne gehad het (bl 5).

Dit is verder vreemd dat die presiese oorsprong en uitgawe van die Griekse tekste van die himnes wat nie in die Nuwe Testament voorkom nie, nie vermeld word nie. 'n Aanduiding soos 'Klemens van Alexandrië *Paedagogos* [sic] III' (bl 12) of *Vita Auxentii* (bl 150) is heeltemal te vaag, terwyl

die oorsprong van die *Lampe-himne* (bl 102) en die *Goeie Vrydag Alfabet-himne* (bl 191) glad nie vermeld word nie - die leser hoop maar dat hy hierdie inligting in die sekondêre literatuur waarna verwys word, sal vind.

Die tipografiese en redaksionele versorging is oor die algemeen goed. Ek wys slegs op 'n paar opvallende probleme: Tydens die woordverwerking het 'n paar onnodige koppeltekens ingesluit; vergelyk byvoorbeeld 'anapes-tiese', 'som-mige' en 'verminder' (al drie op bl 6). Verwarrend is die gebruik van v en - om kort en lang lettergrepe aan te dui in stede van die gebruikelike ~ en - (kyk bl 162 en 196). Die volgende tikfoute kan ook tot verwarring aanleiding gee: 'hirmologion' (bl 11); 'De la Potterie' (bl 39) en 'De la Pottier' (bl 42); 'concencus' (bl 64); 'Τίποτ' in die plek van 'Τύποτ' (bl 67); 'benevolentia' in die plek van 'benevolentiae' (bl 70); 'TRUE' in die plek van 'TREU' (bl 118).

Ten spyte van bostaande kritiese opmerkings is *Hymni Christiani* 'n verdienstelike bydrae oor 'n tot dusver swak verkende terrein, en dit behoort met vrug gebruik te word in die onderrig van die vroeg-Christelike letterkunde.

Heyns, J A 1989 - *Teologiese Etiek: Sosiale Etiek*

Pretoria: N G Kerkboekhandel. 433 bladsye. Prys R40.00

Resensent: Prof H G van der Westhuizen

INLEIDING

Uit die vrugbare pen van Heyns verskyn die onderhawige publikasie as die derde en laaste in sy trilogie oor die Teologiese Etiek. Die inhoudsopgawes van die eerste twee bande word in hierdie derde een gerieflikheidshalwe herhaal. Hierdie derde band is tewens 'n direkte voortsetting van band 2/1 wat met hoofstuk 8 geëindig het. Die huidige deel 2/2 begin by hoofstuk 9.

Alle paragrawe is genommer en die publikasie is handboekmatig.

In die onderhawige band word drie samelewingsverbande bespreek: volksverband (hfst 9), staatsverband (hfst 10), en kerkverband (hfst 11).

WAARDERING

Die beskrywing van volk ten opsigte van al sy moontlike fasette is omvangryk en handig vir studente en elke leser.

Die boek lees lekker omdat die magdom verwysings en aantekeninge na die einde van elke hoofstuk verskuif is. Selfs tydskrifte en koerantberigte kom hier aan die beurt, byvoorbeeld J P Oberholzer in *Beeld*, 22 Oktober 1981 (bl 99): 'Die beleid

van afsonderlike ontwikkeling word deur die Hervormde Kerk aanvaar as die enigste Christelike, realistiese en regverdige oplossing vir Suid-Afrika se probleme'.

Die heldere definisies van elke saak wat bespreek word, is 'n groot aanwys. Standpunte soos dat die staat nie neutraal kan wees nie (bv bl 113) is ook te waardeer.

Die kort en helder beskrywings in staatsverband van Liberalisme (bl 124), Nasionaal-sosialisme (bl 124), Fascisme (bl 125) en Kommunisme (bl 125), is waardevol.

Daar kan sekerlik saamgestem word wanneer beweer word dat dit 'n 'teken van geestelike volwassenheid en hoë beskawingsmondigheid (is), wanneer die verskeidenheid politieke insigte in 'n aantal politieke partye differensieer' (bl 145). Die feit dat die een staat na die ander in Afrika in die nakolonialistiese tyd tot 'n een-party-staat verval kan seker as voorbeeld dien van wat Heyns bedoel.

Die ontleding van die besware teen diensplig (bl 179vv) is besonder indringend.

Ook die beskrywing van Anargisme (bl 218-222) is baie interessant.

Die volgende aanhaling wat vir homself spreek, raak 'n belangrike saak in ons dag aan: 'Die werklikheid van die Heilige Gees in die lewe van elke lid van die nuwe volk van God, is die ernstigste teologiese argument teen elke moontlike voorstelling en praktyk van die anonieme Christen of die anonieme kerk' (bl 291). Die

inkarnasieteologie verwaarloos net soos die Rooms-Katolieke teologie (en as deel daarvan) die Pneumatologie - behalwe om dit te verhumaneer.

Die bespreking van die verhouding kerk en wêreld (bl 314vv) is indringend en leersaam. Duidelik word aangetoon dat die kerk onder andere oneties handel indien hy as instituut hom mededingend op die lewensterrein van sy lidmate begewe: 'Afgesien daarvan dat dit nie sy taak is nie, is hy ook nie daarvoor toegerus nie. Hy het nie die kennis nie en ook nie die instrumente om dit te doen nie. Daarby kom nog dat, indien die kerk dit sou probeer doen, hy daarmee die taak oorneem van ander samelewingsverbande of ander individue. En dan kan hy selfs begin meeding met sy eie lidmate, byvoorbeeld wanneer die kerk sou begin met 'n boekhandel of met boerdery of met 'n sakeonderneming...' (bl 326).

Die beknopte sakelys (bl 417-420) is baie handig, maar kon gerus uitgebrei gewees het. Die literatuurlys (bl 421 tot 433) getuig van die skrywer se omvattende benadering van sy taak. Die literatuurlys is nie volledig volgens die bekende en aanvaarde Harvard-sisteen nie, maar dit is wel voldoende.

Ons kerke in Suid-Afrika is werklik verryk met hierdie pragtige boeke. NG Kerkboekhandel het dit soos die ander bande stewig in hardeband gebind. Die druk is groterig en goed.

ONDERWERPE VAN AKTUELE BELANG

Die verbande in 'n volkslewe, soos sy groei, bodembesoedeling, sy onderwys, sy identiteit, apartheid en so meer word oor die algemeen breedvoerig bespreek. Veral die gedeelte oor die ekologie is uiters belangrik, maar te kort. Aan die een kant is die teologiese onderbou van die etiek oor die ekologie te skraal. Aan die ander kant is die opvoedkundige komponent tot hierdie etiese gedrag versuim. Die individuele lewe en die massa morsige lewe moes meer aandag gekry het.

Van treffende belang is die skrywer se bevinding van twee nasionalismes in ons land - 'n wit en 'n swart nasionalisme, 'binne een geopolitiese stelsel teenoor mekaar...' (bl 67). Dit weerlê die gedagte dat in die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk se artikel III daar 'n vermenging van die begrippe ras en volk is. Daar kan met voorbehoud met die volgende saamgestem word: 'As hierdie motief dus nie op rassistiese, meerderwaardige of eksklusiewe basis deurgevoer word nie, maar op die basis van gesonde, natuurlike en spontane volksliefde, is die handhawing van 'n selfstandige volksbestaan 'n legitieme en eties verantwoorde motief van sosiale kultuurontwikkeling' (bl 67).

Die redenasie en argumentvoering rondom die tema pasifisme en die beoordeling van standpunte oor oorlog (bl 186-192) is baie aktueel en

indringend (vergeelyk veral ook bl 222 tot 239).

Die bespreking van die Kairos-dokument (bl 241, 369) is gepas en die argument rondom artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis teenoor Degenaar is te verwelkom. Heyns sê hier: 'Dit alles (NGB 36; HK S 37, 39, 40; Rom 13) staan lynreg teenoor die siening van Degenaar, dat die teologiese fundering van die staat vervang word met die idee dat die staat 'n skepping van die mens is ter wille van orde en regverdigheid' (bl 245).

Op die oomblik is die populêre argument dat daar te veel mense in Suid-Afrika gehang word. Heyns verwys na *Beeld*, 7 April 1988, vir statistiek hieroor en sê dan op grond daarvan: 'Dit is - op religieus-etiese gronde - te betwyfel of doodstraf so wyd toegepas moet word as wat dit in Suid-Afrika gebeur...' (bl 249). Die indruk bestaan dat Heyns nie 'n grondige studie oor elke geval gemaak het nie.

Die ANC se 'Freedom Charter' was altyd verbode om gepubliseer te word. Nou het die wette verander en ons het dié handves van ANC-beginnels volledig op bladsy 261-264. Heel interessant is die aanhaling van Keith Campbell deur Heyns: 'It is not unreasonable to conclude that the Freedom Charter might have been constructed so as to provide an opening for the later imposition of a communist programme on South Africa' (bl 261).

Die volgende paar aanhalings uit die 'Freedom Charter' kan interessant wees: 'All people shall have equal right to use their own languages, and to develop their own folk culture and customs; All national groups shall be protected by law against insults to their race and national pride.' 'Restrictions of land ownership on a racial basis shall be ended, and all the land redivided amongst those who work it, to banish famine and land hunger.'

By beide aanhalings is daar onduidelikhede hoe dié sake in die praktyk veronderstel word. Die eerste aanhaling is skynbaar in botsing met wat Nelson Mandela onlangs gesê het, volgens SATV, dat hy die staatspresident gaan vra om die saak van die beskerming van groepe en groepsregte nie eers op die onderhandelingsstafel te plaas nie.

Wat die tweede aanhaling betref, is dit hoegenaamd nie duidelik hoe die herverdeling van plase byvoorbeeld sal plaasvind nie; of die grondslag daarvan straks nasionalisering sal wees nie.

Op bladsy 353 tot 380 is 'n waardevolle oorsig en bespreking van die drie vernaamste samelewingsteologieë ofte wel sosialistiese teologieë: Teologie van die revolusie, Teologie van bevryding en Swart teologie.

OMSTREDE

Die huidige gees van eenheid in ons land kry sterk steun by Heyns. Soms lyk dit na kasuïstiek, soms na 'n bot-

sing tussen, om Heyns se woorde te gebruik, die Skeppingswoord en die Voorsienigheidswoord: 'God is vir die eenheid van die mensheid verantwoordelik, maar só reglynig en só eenduidig mag nie gesê word dat God vir die ontstaan van 'n volk en vir die volkereverskeidenheid verantwoordelik is nie' (bl 9).

Die voorgegewe outoriteit en finaliteit waarmee die skrywer sekere stellings op naïewe wyse konstateer, is dikwels irriterend in 'n andersins interessante, mooi en groot werk. Heyns sê: 'Vermenging van volke word nie deur die Skrif verbied of as sonde veroordeel nie' (bl 11). Is dit nie juis die etikus wat die eenvoudige riglyne van die Bybel in die meervoudigheid, veral van ons eie samelewing in Suid-Afrika, moet deurtrek nie? Indien 'n volk (korporatief in sy owerheid) besluit dat vermenging met ander rasse tot sy eie ondergang sal lei, is 'n verbod op vermenging eweneens ook nie deur die Skrif verbied of as sonde veroordeel nie.

Die kritiese vraag 'waarom...word die begrip (Christelik-nasionaal) net op die onderwys en nie ook op die wetenskap toegepas nie' (bl 27), klink logies, maar die skrywer gee geen aandag aan die feit dat nasionalisme by wetenskap soos ook Christelik by wetenskap nie die kwalitatiewe inhoudelike bepaal soos in die geval van opvoeding nie. Die dinge van die gees en die kultuur van 'n volk is nie altyd logiese dinge soos dié van byvoorbeeld die wiskunde nie.

Nie alle kundiges stem met die volgende politieke stelling saam nie: 'Polities-staatkundig het apartheid op die harde rotse van ekonomiese realiteite gestrand' (bl 49).

'n Mens verwag na die pragtige beskrywing van 'n volk wat 'n siel en 'n gees en 'n liggaam het, dat die tydsgeesuitdrukking van 'verbreiding van die demokrasie' (bl 49) eerder in perspektief gestel sou word as 'n *contradictio in terminis* in plaas van klakkeloos na te praat.

Dis 'n vraag of die kerk 'n fundamentele funksie spesifiek ten opsigte van 'n nuwe Suid-Afrika het in die daarstel van 'n 'universele waarde-sisteem, gebou op Christelik-etiese norme' (bl 75). Die geïdentifiseerde gesindheidsverandering van ANC, PAC, SAKP en so meer, is straks minder haalbaar as wat apartheid is. Strywer sê: 'Sonder wette ter beskerming van die grondrekte van individue en groepe sal 'n plurale samelewing uiteraard nie ordelik beheer kan word nie' (bl 74). Die ANC en SAKP is bekend dat hulle juis groeipregte verwerp en 'n ope, karakterlose en kleurblinde samelewing voorstaan.

Die vergelyking van die Afrika-ner met Israel is histories voor die hand liggend. Dit word duidelik aangetoon. Skielik egter begin die skrywer op bladsy 108 byvoorbeeld praat van identifisering van die Afrikaner met Israel. Dis darem nou regtig tyd dat die onderskeid tussen parallelliger en identifiseer getrek moet word.

Die hele kwessie van die beeld van God (*imago dei*) word ook steeds humanisties gedui. Sonder bevredigende verklaring word soms gepraat van geskep na die beeld van God (bv bl 12 - wat reg is), die herstelde beeld van God in Christus (bl 138 - wat reg is) en die mens is beeld van God (bl 73, 132, 149, 151 - wat omstrede is).

Openering 13 word konsekwent tradisioneel uitgelê asof dit as antitese van Romeine 13 na 'n vervalde staat verwys (bv bl 117, 142, 333, 334). Vergelyk egter resensent se *Nou en ewig* hieroor.

Heyns is besonder Kuyperiaans in 'n eenvoudige aanvaarding van die onderskeiding algemene genade en besondere genade (bv bl 113, 136).

Die skrywer gaan in verband met die beskrywing van staatsvorming aan die een kant histories en wysgerig te werk. Aan die ander kant soek hy die embrionale tekens van staatsvorming binne-Bybels by Kaïn wat hom en sy mense in 'n stad vestig ter beskerming teen vyande (bl 120vv).

Baie dinge wat Heyns skryf, is so vanselfsprekend. Dit word so rustig, omvattend, uit verskillende oogpunte, selfs op verskillende maniere beskryf, dat die geskrif soms neig om vervelig te word. Op bladsy 152 besef die skrywer self iets hiervan wanneer hy in 'n stadium homself aanmaan: 'Maar laat ons voortgaan.'

By die skrywer se behandeling van die staat, in die besonder die Christelike staat (bl 135), laat hy na

om daarteenoor perspektiewe te gee op byvoorbeeld die Islamitiese staatsbeskouing (wat tog vir ons aktueel is of kan word). Ook die Israeli staatsbeskouing dat die Jood wat 'n Christen in Israel word, sy burgerreg verloor, ontbreek wanneer op bladsy 137 in die algemeen gestel word: 'En as 'n nie-Christen burger van 'n staat kan word, mag 'n nie-Christen ook aan die politieke aktiwiteite deelneem en gevolglik as 'n staatsfunksionaris verkies word.'

Die Christelike party, skool, organisasie en so meer, waarteenoor Heyns positief staan (bv bl 146, 149), is vanuit die Christelik-nasionale lewensbeskouing nie sonder meer te aanvaar nie.

In die hele voortreflike redenasie rondom die doodstraf, paragraaf 10.2, bladsy 157 en verder, speel die belangrike grondreël van die Bybel vir die doodstraf op moord, soos dit in Genesis 9:6 staan, eintlik nie 'n rol nie. Dit is definitief 'n gebrek indien 'n etikus rondom die saak van die doodstraf nie die volgende woorde in volledige konteks bring nie: 'Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur die mens sal sy bloed vergiet word...' (vgl ook bl 230).

Vandag word te gemaklik na Handeling 4:19 verwys om ongehoorsaam aan die owerheid te wees (bv bl 165). Dis te maklik om sommer vir elke saak vir jou 'n standpunt te formuleer wat volgens jou met God se wil ooreenkom en dan staan jy daarby asof dit God se wil is, teenoor

die owerheid. Daar moet weer op gelet word dat dit in Handeling 4:20 handel oor die getuieis in verband met Jesus se dood en opstanding, die verkondiging in sy Naam. Dit moet deurgaans ook al sou die owerheid juis dít verbied.

Op bladsy 197 is 'n baie eensydige politieke beskouing van ons situasie in Suid-Afrika. Weens ruimte gaan ons nie nou volledig daarop in nie. 'n Mens kry die indruk ook op bladsy 209 dat opstand en revolusie altyd 'n inheemse oorsaak het en nooit van buite om ideologiese oogmerke geïnstigeer en gepropageer word nie!

Die hele redenasie rondom materiële nood (bl 213) maak nêrens voorsiening vir die perspektief dat armoede weens 'n lewenshouding veroorsaak kan word nie, en dat Swartes in die RSA danksy die Blankes veel ryker is as die res van Afrika se inwoners.

Die skrywer gaan volledig in op wat hy as die antwoord van die Christelike etiek teenoor die politieke revolusie sien: 'Ons is van mening dat hervorming, of reformasie, die antwoord is en daarom gee ons nou daaraan aandag' (bl 214). 'n Mens kan egter nie wegkom van die vraag of hervorming as politieke begrip wat ook Jood, Christen, heiden, Moslem, Hindoe en almal insluit, 'n Christelike eties gegewene is?

Soms kry 'n mens die vlugtige gedagte dat die skrywer geweldig belese is maar tog op selektiewe wyse. Of

altans is hy in sy verwysings soms selektief, byvoorbeeld op bladsy 246, aantekening 42 wat na geskrifte oor die begrip 'diens van barmhartigheid' verwys; vergelyk ook bladsy 402 oor Cone.

Die skrywer se kwalifikasie van kerk slegs as 'Christene (wat) geïnstitutionaliseerd saam bestaan en saam funksioneer' (bl 292), is omstrede en selfs in moontlike teenspraak met wat van die wêreldkerk op bladsy 320 gesê word.

Vir sover volkskerk ter sprake kom (bv bl 327-332, 337, 396 e a) is dit ongelooflik hoe 'n verwyderde volkskerkbeskouing aangeval en verwerp word, maar hoe die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se volkskerkbeskouing koud gelaat word. Die volgende is byvoorbeeld eenvoudig tog nie ongekwalifiseerd waar van laasgenoemde Kerk se volkskerkbeskouing nie: 'Daarom mag die kerk nooit, soos in die geval met 'n volkskerk, sy eie roeping en karakter in gedrang laat kom deur hom aan te pas by die wense en eise van die volk, en deur die strewe van die volkslewe sy strewe te maak nie' (bl 330).

In die aantekeninge op bladsy 404 sou 'n mens miskien ook 'n verwysing na en 'n bespreking van die Israelvisiemense ten opsigte van Wit Teologie wou gehad het.

TREFFENDE FORMULERINGS

'n Volk bring sy kultuur tot stand, maar dan sekerlik ook omgekeerd: 'n

kultuur bring 'n volk tot stand en hou hom in stand (bl 15).

Die wonder van die moedertaal is dus nie net in sy merkwaardige ontstaan en innerlike krag tot oorlewing geleë nie, maar dáárin dat die moedertaal ook die 'vadertaal' kan word (bl 17).

Die naaste om wie dit gaan (bv in ekologiese verband) is baie beslis ook die nageslag (bl 34).

Diskriminasie is die ongelyke behandeling van gelyke sake (bl 45).

Die ontevredenheid van die revolutionêr is egter nie gerig teen die verkeerde *in* die werklikheid nie maar teen die werklikheid *self* (bl 210).

Sonde is nie 'n lot nie, maar skuld. Daarom is ook oorlog nie 'n lot nie, maar skuld (bl 229).

Daarom veg die kerk met die swaard van die Woord en nie met die swaard van staal nie; met die dinamiet van die Gees en nie met die dinamiet van bomme nie (bl 288).

Helaas is veel van die moderne ekumeniese belangstelling geïnteresseerd in die vraag na die *aantal* kerke wat bely, eerder as in die vraag na die aantal kerke wat die *waarheid* bely (bl 303).

Die kerk ken geen terreinbeperking nie, maar wel taakbeperking (bl 326).

Die geloof wat nie op die wêreld gerig is nie, is onwerklik; die geloof wat nie op God gerig is nie, is onwaar (bl 369).

(Die Kairos-dokument het) deur sy sekularisties-politieke benadering van die problematiek...nie deel van die oplossing nie, maar deel van die probleem geword (bl 376).

VEROUDERDE AFKORTINGS, SPELFOUTE, DRUKFOUTE EN SO MEER

So 'n groot werk wat te midde van vele ander verpligtings en miskien aan die hand van 'n kurrikulum vir studente opgestel word, vertoon ongelukkig sekere gedateerde simptome.

Die afkortings volgens die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling ontbreek soms: Openb i p v Op - bladsy 19.

Verdere foute: Asiërs i p v Ariërs (bl 36; kriteriam i p v kriterium (bl 47); on-Bybels i p v onbybels (bl 61); Sy i p v sy (bl 112); vergewingsgesindheid i p v vergewensgesindheid (bl 161); regeringsform i p v regeringsvorm (bl 225); de i p v die (bl 289); mensheids liggaam i p v mensheidsliggaam (bl 289); heilige Gees i p v Heilige Gees (2x bl 290); groeiproese i p v groeiproses (bl 296); enersluidend i p v eendersluidend (bl 306); daarm i p v daarom (bl 335); hou i p v hom (bl 340); magsusurasie i p v magsusurpasie (bl 418).

Skyrwer sê 'Gam word net in sy oudste seun gestraf, sodat die straf net die Kanaäniete gegeld het' (bl 78). Uitleggers maak egter soms daarvan 'n punt dat Noag sy seun Gam wat 'n vierde seun het, Kanaän,

om redes van afguns in sy vierde seun, wat Noag self nie het nie, vervloek!

Op bladsy 97, aantekening 123 is 'n aanhaling waarskynlik ten opsigte van die woord 'Bantoetuiste' foutief.

Sinne soos byvoorbeeld die volgende is nie baie insigtelik nie: 'Dit is ten diepste en gevolglik gemik teen die bestaan en die ordelike funksie van die staat self' (bl 182).

Die skrywer is soms 'n bietjie woordvertonerig, byvoorbeeld: pregnanter (bl 286), signikatiewe (bl 287), inhabitasie (bl 289), ekklesiale faktisiteit (bl 312) en so meer. Nou ja, dit is 'n vakhandboek.

Die hele gedeelte onder die titel *Kerk en ongelowiges* op bladsy 307 tot 314, punte 1 tot 17 het sonder ver wysing hierna ook verskyn in *NGTT* 33/4 (1989), 441-447 onder die titel *Die sendinggerigtheid van die kerk*.

Soms word onderskeidings nie fyn genoeg gehandhaaf nie. Op bladsy 326 word tereg gesê dat die kerk 'n kerklike taak sonder terreinbeperking het. Hiervolgens sou 'n mens kon praat van die kerk se verantwoordelikheid op die politieke terrein. Die skrywer praat egter sommer kortweg ongenueanseerd van byvoorbeeld die 'politieke verantwoordelikheid van die kerk' (bl 339, 341).

SLOT

Skyrwer, fakulteit, Kerk en uitgewer word gelukkig met 'n nuttige en onmisbare werk. Die prys is baie billik.

Kritzinger, J N J 1990 - A theological perspective on White liberation

Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. 19 bladsye. Prys R21.00

Resensent: Prof HG van der Westhuizen

B C Lategan skryf die voorwoord twee derdes in Engels, en tweede in volgorde een derde in Afrikaans. Prof Lategan is hoof van die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek te Stellenbosch.

Aangesien die inhoud van die publikasie spesifiek met die gemeenskapsproses op pad na die toekoms te doene het, sou gevra kon word: Na watter soort toekoms is ons in Suid-Afrika op pad met 'n 'teologie' soos hierdie?

Wanneer op die volgende aanhalings gelet word, is hierdie vraag belangrik: 'Trouens, bevryding beteken juis dat ons padgee uit ons kunsmatige, opgepompte kulture en 'identiteite', sodat ons as wit Afrikane deel kan word van 'n nuwe gemeenskaplike nasionale kultuur' (bl 10). 'Dit gaan vir my nie om die behoud van ('suiwer') Afrikaans of van die 'Afrikanervolk' nie, maar om deur middel van Afrikaans die koloniale denksisteem van apartheid te help afbreek' (bl 10).

'Dis vir my duidelik dat Jesus gaan kers opsteek het by armes en by dié wat uit die sentra van invloed en mag uitgestoot was' (bl 12). 'Kersop-

steek by' beteken om lig te soek by. In hierdie betekenis gebruik Kritzinger inderdaad die idioom, want hy sê verder: 'As ons hom (klein letter!) wil navolg, sal ons dieselfde moet doen deur by swartmense...te gaan uitvind wat verkeerd is...' (bl 12).

Wit bevryding beteken vir die skrywer 'n bekering weg van die volgende afgode: koloniale rassisme, Suid-Afrika as witmansland en mammon.

Ten opsigte van die eerste afgod, haal Kritzinger Manganyi aan: 'I wonder whether in this century the white man will ever spiritually feel he belongs to Africa as long as we are not in power' (bl 14).

Onder die opskrif van die tweede afgod word kritiek onder andere teen die volkslied, Die Stem, en die aanhef van die 1983-Grondwet uitgespreek.

Op grond van argeologiese bevindings wil die skrywer dat Afrika gesien moet word as 'ons almal se Moeder, op wie se skoot daar ook plek is vir witmense wat die nederigheid en moed het om hul toekoms toe te vertrou aan die swart meerderheid' (bl 15). 'Dit eis van ons om saam met swart Christene 'n nuwe teologie van grondbesit te ontwikkel...' (bl 16).

Die derde afgod is mammon, die geldgod. Hier mag plek-plek met die skrywer ingestem word dat die geldmag se heerskappy in Suid-Afrika geëlimineer behoort te word.

'n Anomalie is die taalmedium. Hierdie publikasie se teks is volledig in Engels en in Afrikaans. Die eerste

helfte is in Engels. Al die gegewens op die binneblad van die voorblad is in Engels. Al die gegewens op die titelblad, behalwe die titel wat tweetalig is, is in Engels. Die 'Foreword' het 'n stukkie Afrikaans. Nogtans kan die skrywer op bladsy 17 die volgende standpunt verdedig: 'Een van die opsigtelikste koloniale kenmerke van ons kultuur is dat na meer as drie eeue in hierdie land, só min witmense 'n Afrikataal kan praat.' Is Engels teenoor Afrikaans dan nie juis die taal van die imperialis, die kolonialis nie? Tereg sê die skrywer: 'Aan die ander kant is dit ook nodig om te beklemtoon dat Afrikaans 'n Afrikataal is. Dit is onder andere deur swart werkers in wit kombuise geskep, en is dus nie inherent 'n rassistiese taal nie' (bl 18).

Die skrywer, dr J N J Kritzinger van die Departement Missiologie van die Universiteit van Suid-Afrika, sal met hierdie teologie waarmee die Blankes sogenaamd bevry moet word om Afrika op te bou, nie in die annale van klassieke teologie opgeneem word nie, maar wel in die aktuele bladsye van die politiek van die dag - soos die verkorte weergawe van die publikasie op bladsy 20 van die Sondagblad, *Rapport*, van 17 Junie 1990 getuig.

Dit bring ons terug na die doeleindes van prof Lategan se Sentrum soos op die binnekant van die voorblad van hierdie publikasie uiteengesit: 'to contribute to the development of an inclusive democratic cul-

ture, the enhancement of the human dignity of all citizens and the eradication of any form of racism in South Africa.' Prof Lategan was betrokke by die RGN-verslag oor tussen-groep-verhoudinge wat in 1985 verskyn het. Volgens hierdie verslag beweer sewe en sewentig persent van die totale bevolking in ons land dat hulle Christene is. Omdat die grootste enkele gemeenskaplike faktor in die land die verbondenheid aan die Christelike geloof is, het prof Lategan hom in sy eie woorde sinsdien beywer vir 'die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike waardestelsel op Christelike grondslag vir 'n toekomstige Suid-Afrika...' (*Die kerkbode*, 15 Junie 1990, bl 9).

Is daar 'n verskil tussen teologie en politiek?

Weiler, A G 1989 - Willebrords Missie: Christendom en kultuur in die zevende en achtste eeu

Hilversum: Gooi en Sticht. 266 bladsye. Prys onbekend.

Resensent: Dr D J C van Wyk

Op 7 November, in die jaar 739 n C, sterf biskop Clemens Willebrords en word hy in 'n klooster in Echternach begrawe. Hy sterf as grysaard op een en tagtigjarige leeftyd nadat hy tydens 'n moeitevolle lewe die taak om die volk van die Friese tot die evangelie

van Jesus Christus te bekeer, menslik gesproke, volvoer het.

Om die sterfdatum van hierdie merkwaardige man twaalfhonderd en vyftig jaar gelede te herdenk, het verskeie publikasies gedurende 1989 in Nederland verskyn. Daaronder is die werk van Weiler, waarvan daar in Desember 1989 reeds 'n tweede druk verskyn het, die mees omvattende.

Die kerstening van Wes-Europa en die ingrypende invloed wat dit op die verdere verloop van die kerk- en wêreldgeskiedenis sou uitoefen, bly steeds 'n interessante stuk geskiedenis. In dié geskiedenis, wat terselfdertyd die tydperk van die groot sendingfigure uitmaak, is Willebrord een van die merkwaardigste persone. Die werk van Weiler toon dit duidelik aan.

Wat die waarde en betekenis van die werk verder verhoog, is dat dit nie net die geïsoleerde verhaal van Willebrord in die land van die Friese beskryf nie. Soos die subtitel aandui, groei die werk tot 'n stuk kerk- en sendinggeskiedenis wat Christendom en kultuur in die sewende en agtste eeu omvat. Daarin kom sosiale, kulturele, politieke en selfs militêre faktore aan die orde, eers in die wêreld van die Angelsaksers, daarna in die gebied van Franke en Friese waar Willebrord se prediking plaasvind.

Die outeur stel hom eksplisiet ten doel om die Missie van Willebrord in 'n breë konteks te plaas. So kan 'n goeie beeld van Willebrord se

werk onder die Friese gevorm word. Die kerstening van 'n volk is immers 'n proses van diepgaande kulturele omvorming.

Maar ook vanweë die skaarste aan regstreekse gegewens oor die lewe en werk van Willebrord, kies die outeur vir 'n kontekstuele benadering. Sodoende lewer sy studie en kennis van die Angelsaksiese wêreld, die metodes wat daar in die kersteningwerk hanteer is, asook die kerklike organisasie wat daar tot stand gekom het, analoë kennis om die wêreld van Willebrord te verstaan.

Daarom wy die outeur sy eerste drie hoofstukke aan 'n beskrywing van die godsbeeld van die Kelte en die Germane asook aan die kerstening van die Angelsaksers. Dit het begin op grond van twee Roomse missies en Iers-Skotse prediking. Dié kennis is noodsaaklik om die konteks van Willebrord se lewe en werk gedurende sy eerste dertig lewensjare te verstaan.

Ook die politieke, kerklike, juridiese en ekonomiese konteks van die Franke kom aan die orde, want dit was deurslaggewend in die moontlikhede wat aan die sending van die Angelsakser Willebrord gebied is. As volk het die Franke teen ongeveer 500 n C, met die doop van hulle koning Clovis, na die Christendom oorgegaan.

Dié hoofstukke gee ook 'n interessante blik op die prosedure wat gevolg is met die oorgang van 'n volk van een godsdiens na 'n ander. Die

koning het eers oorleg gepleeg met sy priesters en adelike raadsliede. Daarin het die nut van 'n godsdiens vir die heil van 'n volk 'n groot rol gespeel. So ook die uitsig op die ewige saligheid. As 'n godsdiens in al hierdie opsigte beter beloftes ingehou het, gaan koning, priesters, en adel eerste oor na die nuwe godsdiens, gevolg deur die hele volksgemeenskap.

In 'n volgende hoofstuk word 'n skets gegee van Willebrord se lewe en sy opvoeding en vorming in Engeland en Ierland. Willebrord is gebore in Britannië in die provinsie Northumbrië in die jaar 658. Sy moeder het, volgens oorlewering, reeds voor sy geboorte 'n openbaring gehad dat hierdie seun van haar die donker heidenwêreld met die evangelie sou verlig. Vanaf ongeveer sy sesde jaar word hy deur sy vader aan die Klooster te Ripon toevertrou.

Die Ierse monnikewese trek hom egter sterk aan en teen 668 vertrek hy na die klooster Rathmelsigi in Ierland waar hy vir bykans dertien jaar vertoef. Hier kry sy ideaal mettertied gestalte: om met die evangelie na die Germaanse broedervolk aan die oorkant van die Noordsee te gaan. Dit lei geen twyfel nie dat ook by Willebrord die drang tot sending nou vervleg was met die *peregrinatio*, die ideaal van die vreemdelingskap; om selfheiliging te bereik deur vrywillig alles wat bekend en dierbaar is te verlaat en die vreemde in te trek.

In 690 vertrek Willebrord met elf metgeselle na dié deel van Friesland

wat op dié tydstip deur Pepijn II onder beheer van die Franke gebring is nadat hy koning Radboud van die Friese in 689 verslaan het. Die moontlikheid en sukses van Willebrord se verdere sendingwerk sou voortaan nou afhang van die beheersing al dan nie van die Friese deur Pepijn. Anders as die Frankiese vorste het Radboud nooit 'n Christen geword nie.

Willebrord onderneem kort hierna twee reise na Rome. Tydens die tweede reis word hy in 695 deur Pous Sergius gewy tot aartsbiskop vir die volk van die Friese. Hy keer terug uit Rome en begin sy opdrag tot kerstening en kerkopbou in die land van die Friese met die oprigting van 'n kerkgebou in Utrecht.

In twee volgende hoofstukke handel die outeur oor die infrastruktuur en kerklike organisasie van Willebrord se sending.

Van besondere belang is die voorlaaste hoofstuk waarin die sendingmetode van Willebrord behandel word. Daarin word onder andere gehandel oor die steun van die wêreldlike gesag, prediking en kategese, wonderwerke, duiwelbeswering, biege en boete.

Op 7 November 739 keer Willebrord terug vanuit die *peregrinatio* wat hy so sterk begeer het na sy hemelse vaderland. 'n Laaste kort geskrewe woord sluit hy af met die eenvoudige, gelowige uitspraak: *In Dei nomine feliciter!* Mag dit in God se naam goed gaan!

Naas 'n uitgebreide literatuurlys bevat die werk ook enkele baie belangrike bronne wat vir die eerste keer in Nederlands vertaal is, onder andere Alcuin se *Het leven van aartsbisschop Sint-Willebrord* en *Uit de kerkgeschiedenis van het volk der Agelen* deur Beda Venerabilis.

Hierdie werk van Weiler, hoogleraar in die Algemene en Vaderlandse Geskiedenis van die Middeleeue aan die Katolieke Universiteit van Nijmegen, is 'n verrykende bydrae tot die sendinggeskiedenis in die algemeen en die kersteningsgeskiedenis van Wes-Europa en Nederland in die besonder.
